



VOLSTRUIS



KONTAK ONS



www.epol.co.za



epolinfo@rclfoods.com

VOLG ONS



DIE GROOTMAAKPROSES VAN KUIKENS

Die eerste 16 weke is die belangrikste fase van oorlewing vir kuikens, aangesien hulle kwesbaar en meer vatbaar is vir infeksies gedurende hierdie periode. Kuikens broei uit met 'n dooiersakreserwe van ongeveer 25% van hulle liggaamsgewig wat binne 3 – 4 dae geabsorbeer word. Daarna moet die voer daaglik teen 'n konstante koers vermeerder word en die kuikens meer dikwels gevoer word. Gedurende die eerste 3 – 4 maande word volstruise gewoonlik in hokke gehou en daarna word hulle na kampe verskuif waar hulle bly totdat hulle op 10 – 14 maande geslag word.

Volstruise se voedingsbehoefte verander soos wat hulle groei, daarom is dit die beste om volstruise volgens fases te voer. 'n Minimum vlak van vesel is nodig om die ontwikkeling van volstruise se veselverteringsvermoë te verseker. Namate die voëls groei, neem die veselvlak en ook die energie-behoefte van die voëls toe. Voëls eet meer soos wat hulle ouer word, daarom kan die algehele voedingstofdigtheid van die rantsoen verminder word. Jong volstruise (tot op drie maande) presteer beter op hoë gehalte diëte met 'n laer ruvoerinhoud. Soos wat die voël ouer word en die voedingsbehoefte dus verander, neem die doeltreffendheid van die voeromset af.

KERNVOERWENKE TYDENS DIE GROOTMAAKPROSES

- Voer groeiende kuikens 3 – 6 keer per dag.
- Begin met krummels en verander dan stelselmatig na pille - om inname te verbeter.
- Verskaf altyd genoeg vars en koel water.
- 'n Vitamienelektrolietmengsel moet in die drinkwater verskaf word vir die eerste vyf dae nadat die kuikens uitgebroei het. Dit help die voëls om spanning te hanteer.
- Verskaf altyd vars voer. Moet nooit vars voer bo-op ou voer byvoeg nie.
- Klein klippies kan verskaf word. Dit help met vertering.
- Dit is 'n algemene probleem dat volstruiskuikens nie wil eet en drink nie. Plaas jonger kuikens saam met ouer kuikens (1-3 weke), wat alreeds eet, in 'n hok.



KERNVOERWENKE TYDENS DIE GROOTMAAKPROSES

OUERDOMS-GROEP	LEWENDE GEWIG (KG)	VOERINNAME (KG/PERIODE)
Dag oud – 6/8 weke	0.8 – 18	22 – 25
2 – 4 maande	18 – 45	55 – 60
4 – 6 maande	45 – 70	90 – 95
6 – 10 maande	70 – 95/100	230 – 250
10 – 14 maande	>95	300 – 320

WANNEER OM 'N TEGNIESE- EPOL ADVISEUR TE RAADPLEEG:

- Wanneer voëls ondervoed lyk of geneig is om oormatig aan nie-voermateriaal te vreet is hulle dalk verstop.
- Wanneer jy beenabnormaliteite waarneem kan dit 'n aanduiding van vinnige groei wees. Dit kan ook daarop dui dat die proteïëinhoud in die voer te hoog is of dat daar 'n wanbalans tussen Ca en P is.
- Wanneer 'n volstruis oormatig vet is: Kyk na die hoeveelheid vet wat in die abdominale wand voorkom. Dit is 'n goeie aanduiding van die kondisiepunt. Die dikte van die vet in die abdominale wand kan wissel van 0 tot 8 cm.



TEELPERIODE

Die suksesvolle produksie van volstruise begin by die telers. Die meeste probleme wat in die eerste paar weke, nadat die kuikens uitgebroei het, ondervind kan word, word toegeskryf aan onvoldoende teelrantsoene. Nadat geslagsrypheid bereik is moet diëte die korrekte verhouding aminosure, vitamieene en koolhidrate bevat om hoë vrugbaarheid te handhaaf. Mannetjies en wyfies bereik onderskeidelik teen 30 en 20 maande volwassenheid en begin tussen 30 en 36 maande paar. Die voer van volwasse teelvoëls vind in twee fases plaas: Tydens broeityd en tydens die rusperiode (afseisoen). Tydens die rusperiode, het voëls slegs 'n onderhoudsdiëet nodig. Teenoor die broeiseisoen wanneer die regte energie- en proteïenbalans noodsaaklik is om optimale eierproduksie te verseker. Indien voëls oorvoed word, kan dit tot onvrugbaarheid lei. Nutriente word van die een jaar na die volgende jaar oorgedra, daarom het die huidige voeding 'n effek op die toekoms.

Oormatige vet voëls, wat gedurende die broeiseisoen vet geakkumuleer het, kan bestuur word deur hul voerinnamte te verminder. Voor die broeiseisoen kan die voer weer vermeerder word. Die voëls sal dan, voordat hulle begin lê, gesond, maar nie oormatig vet wees nie. Voedingstowwe word van die wyfie na die eier oorgedra en van die eier na die kuiken. Daarom is dit belangrik dat die broeiwyfie die regte hoeveelheid vitamieene en minerale moet ontvang. Dit sal ook help dat meer kuikens oorleef. Die wyfie lê elke twee dae eiers en kan tussen 30 en 50 eiers per seisoen lê. Eiers broei tussen 42 en 43 dae uit.



KERNVOERWENKE TYDENS BROEITYD

- 'n Gebalanseerde rantsoen is noodsaaklik om groei tydens die grootmaak-fase te verseker.
- Wanneer daar 'n behoefte aan verhoogde kalsium en fosfor is, moet voer daarin voorsien. Wanneer lusern gevoer word, moet opgekapte groen lusern gebruik word. Die stingels kan verstoppings veroorsaak.
- Die voëls moet daaglik ad lib-toegang tot vars voer hê.
- Die voëls moet ad lib-toegang tot gegranuleerde kalsiumkarbonaat en oersterskulp hê.
- Daar word aanbeveel dat mannetjies nie lê-diëte gegee word nie. Die verhoogde kalsium in die rantsoen lei tot 'n afname in die absorpsie van sink wat 'n nadelige uitwerking op spermproduksie het. Mannetjies moet onderhoudsrantsoene gevoer word en in aangrensende kampe gehou word. Nadat die wyfies hul daaglikse rantsoen ingeneem het, moet die mannetjies by die wyfies gesit word, sodat paring kan plaasvind.

PRODUKSIE DOELWITTE VOLGENS DIE GROEIFASE

GROEP		DOELWITTE
Broeivoëls	Afseisoen	<ul style="list-style-type: none">• Aanvulling na verlore voedingstofreserwes
	Broeiseisoen	<ul style="list-style-type: none">• Goeie eierproduksie• Voldoende oordrag van voedingstowwe om te verseker dat sterk, gesonde kuikens uitbroei en dat daar later 'n goeie vere-oes sal wees
Kuikens (0 – 2 maande)		<ul style="list-style-type: none">• Maklike oorgang van dooiersakabsorpsie tot voerinnname
Groeierende voëls		<ul style="list-style-type: none">• Optimale groeiakoers en voeromset• Spiergroei, vleis-, vel- en veergehalte (slagvoëls)• Goeie ontwikkeling in die voorplantingsorgane (toekomstige teelvoëls)
Vooraf-broeivoëls		<ul style="list-style-type: none">• Aaneenlopende ontwikkeling van die voortplantingsorgane• Vroeë puberteit• Veerontwikkeling

EPOL- VOLSTRUISVOERREEKSE

Epol verskaf 'n reeks volstruisvoere van hoë gehalte. Die voere is geformuleer om, op verskillende stadiums, in die spesifieke behoeftes van die voëls te voorsien. Die vlagskipvolstruisreeks, **MegaGro**, is spesiaal geformuleer om uitstekende groei- en voeromsetverhoudings te bied. Die onderstaande tabel verskaf die voerriglyne wat, per voël per dag, aanbeveel word.

REEKS		MegaGro	
FASE	Weke	V-Nr.*	Gram
PRE-STARTER	0 – 8	30897	Ad Lib
STARTER	8 – 16	30896	
GROWER	16 – 24	30895	
FINISHER	24 – 32	30894	Voer ad lib saam met Lusern of ander ruvoer
MAINTENANCE	32 – 48	30893	
BREEDER	Vanaf 2 – 3 weke voor aanvang van broeiseisoen	30892	

* Alle produkte is geregistreer ingevolge Wet Nr. 36 van 1947.

KONTAKBESONDERHEDE

MEULE:

Berlin (043) 685 2111
 Pietermaritzburg (033) 387 2460
 Pretoria-Wes (012) 386 0469
 Rustenburg (087) 365 0564
 Vaalwater (087) 820 4580
 Worcester (023) 346 6400

VEEVOERDEPOT:

Estcourt (036) 352 3141
 Pietermaritzburg (033) 397 1227
 Uvongo (039) 313 5273

Kliëntediens: 0860 103 764
 Webtuiste: www.rcffoods.com
 Vervaardig deur **RCL FOODS Bpk**,
 Ten The Boulevard, Westway-kantoorpark, Westville, 3629
VERVAARDIG IN SUID-AFRIKA
 REG. NR. 1966/004972/06

